

SKRIFLESING: 1 Konings 19

Tema: Genoeg is genoeg!

Gelowiges is nie swakkeling nie. Gelowiges knak nooit. Kinders van die Here word nooit lewensmoeg, moedeloos of bang nie. Daar is mense wat so sê. Maar is dit waar?

Dit staan verseker nie in die Bybel nie. Ons het sopas gelees van 'n gelowige vir wie alles te veel geword het.

Elia was sonder twyfel een van die groot manne in diens van die Here. Jakobus verwys na Elia as 'n gebedsman by uitstek. In die boek Hebreërs word hy eervol vermeld in die lys van gelowiges. Hy was 'n diep gelowige wat in 'n intieme verhouding met die Here geleef het. Die Here het deur hom, sy geloof, prediking en optrede die gang van die geskiedenis beïnvloed.

Elia verskyn van nêrens af op die verhoog. Ons weet nie wie sy ouers was nie. Ons weet hy was arm, want hy was 'n bywoner.

Here roep hom om op te tree in tyd van Koning Agab, wat verkeerd gedoen het in die oë van die Here. In 1 Konings 16:33 lees ons die volgende van koning Agab: "hy het meer gedoen om die Here, die God van Israel uit te tart as al die konings van Israel voor hom." Hy het Baal begin dien, 'n tempel vir die afgod gebou en 'n gewyde paal opgerig.

Elia is tot vandag toe waarskynlik die bekendste, juis vir sy stryd teen Baal en die Baalprofete. Hy gaan, in opdrag van die Here, na koning Agab en sê vir hom dat, as gevolg van sy ontrou en afgodsdien, dit nie sal reën nie. Koning Agab se ongehoorsaamheid is die oorsaak van droogte, hongersnood en dood. Kan jy jou voorstel hoe die koning hom moes vererg het vir 'n bywoner wat hom so tereg wys. Op bevel van die Here, gaan kruip Elia dan weg. Die Here sorg vir hom deur onder andere kraaie wat vir hom kos en water bring.

Elia daag vir koning Agab uit omdat die Baalprofete by Karmel bymekaar te laat kom. Jy kan hierdie gebeure in 1 Konings 18 gaan lees. Daar het die Here sy almag getoon en was daar geen twyfel dat die Here die enigste ware God is nie. Hierna laat Elia al die Baalpriesters en -profete doodmaak. Hy bid vir reën en die Here stuur reën.

Wanneer ons aan Elia op Karmelberg dink, wens almal van ons waarskynlik dat ons ook so vir die Here 'n verskil kan maak. Ons wil bid dat die Here 'n teken stuur en die Here doen dit. Ons wil bid dat dit nie reën nie en dan reën dit nie. Ons wil weer bid en dan reën dit. Ons droom om soos Elia wees.

Sy optrede op die Karmelberg het daartoe gelei dat hy hom die vyandskap en haat van veral Isebel, die vrou van koning Agab se hals gehaal het. Sy was eintlik in beheer. Sy was bekend vir haar genadeloosheid en wreedheid. Sy soek sy bloed. Sy stuur 'n boodskapper na Elia met die boodskap waarvan ons lees in 1 Konings 19:2: "Mag die gode my omdat lewe bring as ek nie môre teen hierdie tyd met jou gemaak het soos jy met die profete nie."

Wat 'n teleurstelling! Elia het waarskynlik gedink dat alle weerstand uit die weg geruim is. Hy het hom hart en siel gewy aan die saak van die Here, nou blyk sy pogings vrugteloos te wees. Teleurgesteld en bang vlug hy vir sy lewe in die woestyn in.

En dan knak Elia. Hy vlug tot by Berseba, tradisioneel die suidelike grens van die beloofde land. Daar laat hy sy slaaf agter. Dit kan 'n teken van die neerlê van sy roeping wees. Hy gaan alleen 'n dagreis verder in die woestyn in. Onder 'n besembos gaan sit hy en wens dat hy doodgaan.

Hy sê in 1 Konings 19:4: "Nou is dit genoeg, Here! Neem my lewe, want ek is niks beter as my voorvaders nie."

Hy is moedeloos en teneergedruk. Hy het genoeg gehad. Hy is lewensmoeg en ontnugter omdat hy dink dat hy in sy roeping misluk het. Hy wens hy kan sterf, want alles het te veel geword.

So baie van ons kan met Elia identifiseer. Gelowiges vir wie alles te veel geword het. Ons beleef net te veel teleurstellings. Ons wil wegvlug van die genadelose aanslae wat die wêreld op ons maak. Ons wil die woestyn in loop. Ons wil daar gaan lê en wens ons gaan dood.

Genoeg is genoeg Here! Neem my lewe...

Maar dit wat Elia dink die einde van sy pad is, is die begin van 'n nuwe pad wat God saam met hom loop. Die Here laat nie die slapende Elia alleen nie. Twee maal word hy deur 'n engel wakker gemaak met kos en die opdrag gegee om te eet. Elia moet eet, want daar lê nog 'n lang pad vir hom voor. Elia het geëet en kon vir 40 dae en nagte die byna 500 km loop tot by die berg van God.

Daar pak Elia sommer uit teenoor God. Hy oordryf 'n bietjie as hy sê dat hy alleen oorgebly het. Ons lees net in die vorige hoofstuk dat Obadja 100 profete, wat getrou was aan die Here, weggesteek het. (1 Konings 18:4) Die hele volk het hulle agter Elia geskaar toe die Here self die offer aan die brand gesteek het. Hulle het uitgeroep: "Die Here is God! Die Here is God!"

Maar Elia doen die regte ding. Hy maak sy hart oop en bekla sy lot. Twee maal sê hy dieselfde ding: "Ek het my met hart en siel gewy aan u saak, Here, Almagtige God. Die Israëliete het die verbond met U verbreek. Hulle het u altare afgebreek en u profete doodgemaak. Net ek alleen het oorgebly, en hulle soek my om my ook om die lewe te bring." (1 Konings 19:10 en 14) Sy eie ek het dalk bietjie te groot geraak. Maar die seën van magsverlies is dat hy weer die stem van God hoor.

Die Here hoor ook vir Elia. Hy argumenteer nie met hom nie. Hy sê nie dat Elia sommer nonsense praat en hy sy feite moet regkry nie. Hy sê ook nie dat hy moet ophou om homself te bejammer en hom moet regruk, soos ons dikwels doen nie.

In liefde kom Hy na Elia toe. Hy kom hierdie keer nie in stormwind, aardbewing of vuur nie. In 'n fluistering in die windstilte kom kuier Hy by Elia.

Wanneer ons wil knak omdat alles vir ons te veel word, wanneer onmoedeloos is en onselfjammer kry, soek ons die Here in die grootse en skouspelagtige. En dan kom die Here baiekeer so “byna ongesiens” in die gewone na ons toe.

Van hier af in Bybel doen Hy dit al meer. Hy kom in die fluistering van ‘n windstilte. Sy grootste kom na ons is stil, stil deur sy seun Jesus Christus. Miskien moet ons maar net meer stilword om die Here by ons raak te sien en raak te luister.

Die Here verwerp nie die gelowige wat knak nie. Hy veroordeel ons nie. Hy kom na ons toe in liefde. Hy hoor wanneer ons kla.

Tog is Hy ook so bietjie kwaai as Hy vir Elia vra: “Wat maak jy hier?” Waarom is jy nie op jou pos nie?

Hier is twee goed wat moet gebeur. Elia moet besef dat God in beheer is en met hom besig is. En Elia moet besef dat God se plan nie begin by Elia nie en ook nie eindig nie by hom nie.

Maar die Here het Elia nog nodig. Daarom aanvaar Hy nie sy bedanking nie. Hy gee ‘n nuwe opdrag aan Elia. Hy moet konings gaan salf en ‘n opvolger vir homself aanwys. Versterk deur die Here, gaan voer hy die opdrag uit.

Here gaan nooit by ons verby nie, ook nie in ons woestyntyd nie. Hy is vanoggend stil by ons, ook by jou vir wie die lewe dreig om te veel te raak. Raak stil by Hom en laat Hom toe om God te wees.

Hy vat jou hand en trek jou op, maar Hy doen ook meer as dit. Hy aanvaar nie jou bedanking nie. Hy verseker vir jou dat jy nie nutteloos is nie. Hy wil jou steeds gebruik.

Amen